HANTAM MUNISIPALITEIT
HANTAM MUNICIPALITY

Kennisgewing nommer: FBI/04 - 2019

Hantam Munisipaliteit, met sy setel op Calvinia, beskik tans oor die volgende vakature en aansoeke word ingewag van bevoegde persone wat aan die gestelde minimum posvereistes voldoen. Voorgeskrewe aansoek vorms is beskikbaar by die kantore en op die webtuiste (**www.hantam.gov.za**) van Hantam Munisipaliteit. Vroue en persone met gestremdhede word aangemoedig om aansoek te doen.

FINANSIëLE BESTUUR INTERNSKAP (1)

Dit is 'n kapasiteits bou inisiatief vanaf Nasionale Tesourie met die doel om finansiële kapasiteit binne munisipale finansies te bevorder. Die program het ten doel om gegradueerdes (Interns) die geleentheid te bied om blootstelling te verkry in die verskillende funksies binne 'n munisipale omgewing.

Om te voldoen aan die vereistes van die pos, moet u oor die volgende beskik:

Vereistes:

- 'n Drie-jaar Baccalaureusgraad / Nasionale Diploma met Ekonomie, Rekeningkunde of Finansies
- Rekenaargeletterdheid met praktiese ervaring.
- Hoë vlak van verantwoordelikheid en die vermoë om op fynere besonderhede te let.
- Rekenkundige en syfervaardighede.
- Verslagskrywing vaardighede.
- Basiese kennis van maandelikse rekonsiliasies.
- Moet bereid wees om in alle afdelings van die Direktoraat Finansies diens te doen.
- Moet bereid wees om 'n Internskap kontrak te teken met aanstelling.
- Goeie geskrewe en verbale kommunikasie vaardighede.

Sleutel prestasie areas:

- Algemene Finansiële Bestuur, met verwysing na die Munisipale Bestuurswet 56 van 2003 sowel as ander wetgewing van toepassing op die Munisipaliteit.
- Uitgawes bestuur en verwante aktiwiteite.
- Inkomste en kontant bestuur en verwante aktiwiteite.
- Voorsieningskanaal bestuur en verwante aktiwiteite.
- Begroting bestuur en verwante aktiwiteite.

- Finansiële rekeningkunde (te boek stel van transaksies).
- Interne kontrole ouditering en risikobestuur.
- Blootstelling aan die opstel van jaarlikse Finansiële State.
- Diverse funksies en verantwoordelikhede binne die Munisipale bestel.

STANDPLAAS: Calvinia

SALARIS: R100 000.00 Per jaar alles insluitende pakket.

SLUITINGSDATUM: Vrydag 01 November 2019

Gesertifiseerde afskrifte van Identiteitsdokument, Kwalifikasies, Getuigskrifte nie ouer as 1 jaar nie asook ‘n volledige CV moet u aansoekvorm vergesel.
Indien u nie binne 3 weke na sluitingsdatum terugvoering van die Munisipaliteit kry nie, kan u, u aansoek as onsuksesvol aanvaar.

Neem Kennis:

- Slegs kandidate op die kortlys sal gekontak word.
- Geen laat aansoeke sal aanvaar word nie.
- Epos aansoeke sal ook aanvaar word.
- Gunswerwing by Raadslede en/of enige lid van die aanstellingskomitee en/of enige personeellid van Hantam Munisipaliteit, is ontoelaatbaar en sal aansoekers onmiddellik diskwalifiseer.

Navrae en epos aansoeke kan gerig word aan die Senior Bestuurder Finansies en Korporatiewe Dienste aan:

Mnr. Werner Jonker	of	Me. Elize de Wet
Tel: 027 341 8500		Tel: 027 341 8500
Epos: wjonker@hantam.gov.za		Epos: edewet@hantam.gov.za

Aansoeke kan gerig word aan:

Mnr. J.I. Swartz
Die Munisipale Bestuurder
Hantam Munisipaliteit
Hoopstraat 20
Privaatsak X14
Calvinia
8190

- Hantam Munisipaliteit is ‘n gelyke geleentheid werkgewer en eerbiedig die bepalings van die Wet op Gelyke Indiensneming.
- Hantam Munisipaliteit behou die reg voor om nie ‘n aanstelling te doen nie.